## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT SÊ TOTSIENS AAN WYLE RAADSLID JOHAN BOTHA

"Hy was 'n steunpilaar vir baie mense en het sy gemeenskap met trots gedien. Ons gaan Raadslid Botha baie mis".

Dit is die gevoel van Bergrivier Munisipaliteit, nadat die skokkende nuus gebreek het van die heengaan van Rdl. Johan Christoffel Botha, 'n bekende gemeenskapsleier van Wyk 3 in Piketberg. Hy is op 30 Januarie 2021 oorlede nadat hy vir 'n paar weke met siekte gestry het. Hy was 77 jaar oud.

Wyle Rdl. Botha het by Bergrivier Munisipaliteit gewerk vanaf 27 Mei 2011 tot en met 09 Augustus 2016 as die Raadslid vir Wyk 3. Hy het toe weer by Bergrivier Munisipaliteit aangesluit op 20 Junie 2018 waar hy as 'n DA Proporsionele Raadslid gewerk het vir Bergrivier se gemeenskap.

Rdl. Botha sal onthou word as 'n vriendelike en liefdevolle siel wat net die beste van alle gemeenskappe op die hart gedra het. Hy het ondersteuning getoon en altyd deelgeneem aan verskillende projekte, wat wissel van die liggie fees, jeugprogramme, vrouedag byeenkomste tot die 16 dae van aktivisme teen die geweld teen vroue en kinders. Hy het gemeenskapslede na die hospitaal vervoer en self gehelp met aansoeke om identiteitsdokumente (ID). Hy was toegewyd aan die gemeenskap van Bergrivier en ons eer sy nagedagtenis.



Ons wil ons innige meegevoel betuig met die gesin en ook aan die uitgebreide familie wat geraak is deur die heengaan van Rdl. Botha. Ons bid dat God u krag en vertroosting sal gee gedurende hierdie moeilike periode.

Mag u siel rus in vrede Rdl. Johan Botha.

## KLIëNTEDIENSBEAMPTES

Vir alle navrae kontak gerus u naaste kliëntediensbeampte:

⇒ **Piketberg** Jackie van Huyssteen 022 913 6000 *vanhuyssteenj@bergmun.org.za*

⇒ **Porterville** Elisma Maarman 022 931 2100 *maarmane@bergmun.org.za*

⇒ **Velddrif** Claureen Varnicker 022 783 1112 *varnickerc@bergmun.org.za*

## ANTI-FRAUD & CORRUPTION

Members of the public are encouraged to report any fraud and/or corruption allegations to either the Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, on 083 657 9615, the Municipal Manager, Adv. Hanlie Linde on 022 913 6011 or the Internal Auditor, Jurene Erasmus at 022 913 6002 or via e-mail: frankj@bergmun.org.za.

## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT HOU HULDEBLYK VIR WYLE PAURAINE CLAASSEN



"Sy was 'n liefdevolle persoon wie omgegee het vir haar mede-mens en was baie gedissiplineerd en professioneel in haar werk."

Dit is 'n paar van die woorde wat onder bedroefde kollegas in Bergrivier Munisipaliteit gedeel is, terwyl hulle hul geliefde kollega, Pauraine Claassen (36) se lewe herdenk het. Pauraine het ongelukkig op 24 Desember 2020 haar stryd teen COVID-19 verloor.

Bergrivier Munisipaliteit het op Maandag 25 Januarie 2021 'n spesiale huldeblyk gehou om die lewe van wyle Claassen te herdenk. Wyle Claassen, wat op 7 Augustus 1984 gebore is, het agt (8) jaar in die Munisipaliteit gewerk. Sy het in die Departement van Finansies gewerk en altyd daarna gestreef om 'n persoonlike diens aan kliënte te bied en het baie komplimente van die publiek ontvang.

Pauraine was 'n baie hardwerkende persoon. Sy het altyd 'n oor gehad om te luister en jou goeie raad gegee. Sy was 'n persoon met 'n goeie sin vir humor. Sy het altyd 'n grappie gemaak en jou laat kraai van die lag. Sy was behulpsaam en het uit haar pad gegaan vir ander.

Ons wil simpatiseer met die Claassen familie en alle personeellede wat 'n noue verhouding met wyle Claassen gehad het. Ons gedagtes en gebede is by u gedurende hierdie moeilike periode.

## MUNISIPALE KENNISGEWING: DEERNIS-SUBSIDIES

Bergrivier Munisipaliteit nooi graag alle huishoudings wat as hulpbehoewende huishoudings wil registreer en vir gratis basiese dienste in aanmerking wil kom, om hul naaste munisipale kantoor te besoek.

Verbruikers kan aansoek doen vir 'n deernis-subsidie indien die totale huishoudelike inkomste van alle lede van die huishouding wat op die perseel woonagtig is, minder as R5 000 per maand is. Indien u hiervoor kwalifiseer sal u maandelikse rekening met tot soveel as R540,72 gesubsidieer word. Hierdie bedrag sluit 6kl gratis water in. Kom vind uit hoe die proses werk. Vir meer inligting oor deernis-subsidies, skakel Mabel Fortuin (Piketberg) by 022 913 6061 of Estralita Schreuder (Porterville) by 022 931 8420 of Alecia Carstens (Velddrif) by 022 783 8313. Ons dien met trots en is gereed om u te help!


# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**





**WE SERVE WITH PRIDE** **MARCH 2021**


## DWARSKERSBOS SE R200 000 TENNISBAAN OPGRADERINGS VOLTOOI

Die opgraderings aan die bestaande tennisbaan in Dwarskersbos ter waarde van ongeveer R200 000 is voltooi. Ons is baie opgewonde!



Die opgradering van die tennisbaan, wat op 7 Februarie 2021 afgehandel is, behels die herstel van die tennisbaan deur die bestaande sementvullaag van die binneste speeloppervlak te verwyder en dan die baan met 'n sewe-laag *fibreflex* stelsel, te herseël. Dit sluit ook die vervanging van die tennisnet en –pale in.

Die tennisbaan is die eiendom van die Munisipaliteit en is op dieselfde perseel as die Slimkoppies Privaatskool in Dwarskersbos geleë en is dus 'n openbare tennisbaan vir gebruik deur almal.

Die behoefte aan die opgradering van hierdie sportfasiliteit het tydens 'n GOP-komiteevergadering in Dwarskersbos in 2019 ontstaan. Ywerige tennisspelers en tennisliefhebbers uit die plaaslike gemeenskap kan hierdie fasiliteit gebruik om hul tennis vaardighede te verbeter en die buitelug te geniet.

Hierdie fasiliteit bied uitstekende geleenthede aan die publiek ten opsigte van hul persoonlike gebalanseerde leefstyl in sport, fiksheid, gesondheid, ontwikkeling van tennisvaardighede, die bou van vriendskapsbande en die bevordering van inklusiewe gemeenskap saktiwiteite. Ons dien met trots!

## R2.2M VOETPAD EN ABLUSIEGERIEWE IN PORTERVILLE AMPER VOLTOOI

Bergrivier Munisipaliteit is besig om 'n voetpad en ablusiegeriewe ter waarde van R2.2 miljoen in Porterville te bou. Die goeie nuus is dat die projek teen die middel van Maart 2021 voltooi sal wees.

Hierdie projek vorm deel van die RSEP-befondsingsprogram wat gemeenskapsintegrasie deur infrastruktuurontwikkeling insluit. Die voetpad is 850m in lengte en begin op die hoek van Jakkalskloofweg verby die begraafplaas en eindig in Disastraat in Monte Bertha, Porterville.

Die projek sluit die volgende in: Loopvlak van 850m; Beligting en parkeerbanke langs die voetpad; Handelsstalletjies met ablusiegeriewe en 'n parkeerarea. Die projek bied kleinhandelondernemingsgeleenthede en toegang vir die gemeenskap van Monte Bertha tot Porterville se Sentrale Besigheidsarea.

Na voltooiing sal hierdie nuwe fasiliteit nie net bydra tot veilige en volhoubare woonbuurte nie, maar sal dit ook die bevordering van sosiale samehorigheid, burgerskap en trots in die gemeenskap bevorder. Tien entrepreneurs sal ook 'n geleentheid kry om te smous en 'n inkomste uit hierdie inisiatief te genereer. Ons sien uit hierna!



## R1 MILLION WALKWAY PROJECT IN VELDDRIF

Bergrivier Municipality's walkway project in Velddrif will provide a comfortable walking experience for pedestrians travelling between Noordhoek and Velddrif.



The R1 million walkway, which forms part of the Regional Socio-Economic Programme (RSEP), stretches 1 200 meters in length and plans are underway to install lighting along this route.

This project will benefit the community by creating a better surface for pedestrians to walk on, especially during winter. Bins and benches will also be installed along this route. The project is expected to be completed by end March 2021.

## MOSAIC PROJECT TO PORTRAY RICH HISTORY OF PORTERVILLE

We want to position Porterville as an art destination. This is the view of Bergrivier Municipality.

There are various art related activities taking place annually in Porterville, after a number of professional artists moved into the town over the last couple of years.





As it is important to create an atmosphere of art in the town and to include the local people of Porterville, an historic route was designed where all the historic sites in the town will be portrayed in mosaic. A booklet will also be developed to explain the history of each site.

Bergrivier Municipality's Strategic Services Department, in collaboration with the Porterville Museum, Porterville Tourism Office and some of the local professional artists, gave birth to the Mosaic Project more than 2 years ago, but after funding was obtained for the project, it commenced in April 2020. The project is funded by Creating Hope Africa and the Expanded Public Works Programme (EPWP).

Local unemployed people were trained in the art of mosaic by the Mosaic House in Porterville and the team is currently busy with the images of each historic site. It will eventually be put up on walls at each of the sites on the historic route. The aim of the project is to ignite economic development in the area through art.

The historic route, which started in Monte Bertha, will be rolled out in phases throughout Porterville and will take more than a year to complete. Some of the iconic facilities such as Anna Swarts Playpark, the Lapa Munnik Hospital (the former school) and the site where Willemsvallei Primary School used to be, will form part of the historic route. These portraits will highlight historic moments telling the story of the people of Porterville.

There are four enthusiastic trained local artists who are actively involved in the project namely: Hester Claassen, Sara Syster, Beatrice Petersen, and Jayros Pelser. Hester Claassen, Team Leader of the Mosaic Project, said they are currently busy working on beautifying some of the large bins in Voortrekker Street with mosaic images after which they will focus their attention on designing the artwork which will be erected at the old school site (Willemsvallei Primary School). We expect great things!



**Back Row (from left):** Jayros Pelser, Kaylene Dampies (Official at Jan Dunckaert Museum, Nathalie Wagenstroom (Porterville Tourism), Patricia Cheetham (Mosaic Project Co-ordinator), Cllr. Adam du Plooy (Portfolio Chairperson: Community Services). **Front Row (from left):** Sara Cyster, Hester Claassen (Mosaic Team Leader) and Cllr. Jakobus Daniels (Portfolio Chairperson: Corporate Services). Well done to everyone who contributed to this project thus far!

## COVID-19 BEWUSMAKINGSVELDTOG IN BERGRIVIER MUNISIPALE GEBIED

***"Beoefen die 5 goue reëls"***

"As almal van ons saamwerk en nougeset die vyf goue reëls toepas, sal ons hierdie virus bekamp."

Dit is die woorde van Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, tydens die COVID-19 bewusmakingsveldtog in die Bergrivier Munisipale Area. Die onlangse COVID-19 bewusmakingsveldtog is geloods in samewerking met die Weskus Distriksmunisipaliteit, GCIS en die Provinsiale Departement van Kultuur en Sport.

Die eerste rondte van die veldtog het op Dinsdag, 09 Februarie 2021 in die Bergrivier Munisipale Area afgeskop en het op Saterdag, 13 Februarie 2021 geëindig. Die tweede rondte het vanaf 19 tot 20 Februarie 2021 plaasgevind. Plaaslike vermaaklikheid ster Ashley Pienaar het die publiek ingelig oor al die voorkomende maatreëls om die verspreiding van die virus te stop.



Die doel van hierdie veldtog is om ons inwoners ingelig te hou rakende die voorkomende maatreëls wat hulle kan toepas om hulself en die res van die gemeenskap veilig te hou. Die vyf voorkomende maatreëls sluit die volgende in: dra 'n lap masker; was jou hande gereeld met seep onder lopende water vir minstens 20 sekondes; hou ten alle tye 'n veilige afstand van 1,5 meter van ander af; bly by die huis as jy siek is; en hoes of nies in 'n sneesdoekie. Almal van ons het 'n rol om te speel om die verspreiding van COVID-19 te stop.

Ons wyksraadslede was ook op die bussie en het daartoe bygedra om die ondersteuning van hul gemeenskappe te kry om die vyf goue reëls toe te pas en gehoor te gee aan al die COVID-19 regulasies.

## UIT DIE PEN VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER



Ons leuse vir 2021 is 'die jaar van voortgesette vrugtevolle vennootskappe' waar ons gaan fokus op die goeie samewerking met ons gemeenskappe en hoe ons saam die moeilike uitdagings van 2021 gaan aandurf.

Dienslewering is vir ons nie-onderhandelbaar nie en ons moet ten alle tye ons gemeenskappe skoon hou. Dit gebeur moontlik nie elke dag nie en ek verstaan as u ongelukkig is daaroor. Moenie wag om u ongelukkigheid uit te spreek nie, kontak my kantoor onmiddellik.

Hartlik geluk aan alle matrikulante van 2020 wat hul finale eksamen geslaag het en 'n spesiale woord van geluk aan diegene wie 'n A-simbool behaal het.

Aan die matriekklas van 2021, baie sterkte met die nuwe hoofstuk in jou lewe. Jy is op die drumpel van 'n heel nuwe wêreld! Jy is amper klaar en die eindstreep van jou skoolloopbaan is in sig. Onthou, dit maak nie saak waar jy vandaan kom nie. Al wat saak maak is waarheen jy oppad is. Alle sterkte vir die jaar wat voorlê en gee altyd jou beste!